PRIVATE BAG X8 | 11 PASTORIE STREET | BELLVILLE 7535
PRIVAATSAK X8 | PASTORIESTRAAT 11 | BELLVILLE 7535
WESTERN CAPE | SOUTH AFRICA
WES-KAAP | SUID-AFRIKA
TEL: +27 21 957 7130 | FAX/FAKS: +27 86 524 1182
EMAIL/EPOS: info@badisa.org.za
WEBSITE/WEBTUISTE: www.badisa.org.za

Daar is op 1 April 2003 deur en namens die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Wes- en Suid-Kaap (hierna genoem "die SKDB, of die wettige opvolger)," behoorlik daartoe gemagtig, en die Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, Streeksinode - Kaapland, (hierna genoem "die SKDD, of die wettige opvolger)," behoorlik daartoe gemagtig, 'n organisasie in die lewe geroep met regspersoonlikheid, en met die naam:

BADISA KONSTITUSIE

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

ARTIKEL 1 - NAAM

BADISA (hierna "die Organisasie" genoem)

ARTIKEL 2 - GRONDSLAG

Die Organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige, en sy beleid is gegrond op die Woord van God.

ARTIKEL 3 - HOOFDOEL

Die geestelike, maatskaplike en ekonomiese versorging en opheffing van mense en gemeenskappe in nood, daartoe gedring deur die liefde van Christus en in gehoorsaamheid aan die voorskrifte van Gods Woord.

ARTIKEL 4 -DOELSTELLINGS

In die uitvoering van die hoofdoel, sal die Organisasie:

4.1 toepaslike programme ontwikkel (soos blyk uit Bylae 1), instel en bestuur wat gerig is op die geestelike, maatskaplike en ekonomiese nood van persone en gemeenskappe, en wat insluit 'n vakkundige maatskaplikewerkdiens en spesialis-residensiële programme.

4.2 'n bestuursprogram instel wat ten doel het om deur middel van bestuursinsette, advies, opleiding, toesig en kontrole, die beheerrade en bestuurders van programme te bemagtig om 'n doeltreffende, relevante en koste-effektiewe diens aan persone en gemeenskappe in nood te lewer.

4.3 dienslewering koördineer om sodoende die grootste doeltreffendheid en koste-doeltreffendheid te verseker.

4.4 skakeling met gemeentes en ander organisasies, netwerke en firmas wat soortgelyke doelstellings het of nastreef bevorder.

4.5 gemeentes, ringe en die Sinodes van die NG Kerk in SA, Wes- en Suid-Kaap en die VGKSA, Kaapland van vakkundige advies bedien en waar nodig, gemeentes en ringe bystaan met die implementering van gemeentelike diakonale programme.

4.6 die nodige navorsing oor ontwikkeling op die gebied van maatskaplike dienslewering, staatsbeleid en maatskaplike wetgewing onderneem.

ARTIKEL 5 - AARD VAN DIE ORGANISASIE

5.1 Die Organisasie is 'n regspersoon en het 'n eie identiteit en bestaan wat afsonderlik van dié van sy lede en ampsdraers is.

5.2 Die Organisasie bestaan as regspersoon voort ondanks veranderinge in die samestelling van sy lede en ampsdraers.

5.3 Die Organisasie sal sy inkomste en eiendom uitsluitlik ter bevordering van sy oogmerk en doelstellings, soos in Artikels 3 en 4 (en die Bylaes wat van tyd tot tyd daarvan mag deel vorm) van hierdie konstitusie gemeld, aanwend.

5.4 Geen gedeelte van die Organisasie se inkomste of eiendom sal regstreeks of onregstreeks of op enige wyse hoegenaamd oorgedra word aan 'n lid van die Organisasie nie, behalwe ter betaling ter goeder trou van 'n redelike besoldiging aan werknemers van die Organisasie vir dienste aan die Organisasie gelewer.

ARTIKEL 6 - BEDIENINGSGEBIED

6.1 Die Organisasie bedien die sinodale gebiede van die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaap en die VGKSA, Kaapland en lewer dienste en beoefen

6.2 Weldaadsaktiwiteite (ter uitvoering van die programme genoem in Bylae 1) in die Wes-Kaapprovinsie, die Oos-Kaapprovinsie en die Noord-Kaapprovinsie van die Republiek van Suid-Afrika

ARTIKEL 7 - LIDMAATSKAP EN SAMESTELLING

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2021

7.1 Die Organisasie het 'n lidmaatskap van nege-en-dertig (39) lede wat soos volg aangewys word:

7.1.1 ~~Tien (10) lede~~ (met 2 sekundi) word aangewys deur die SKDB (of die

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

wettige opvolger);

7.1.2 Tien (10) lede (met 2 sekundi) word aangewys deur die SKDD (of die wettige opvolger);

7.1.3 Onderhewig aan die bepalings van paragraaf 7.2, veertien (14) streekverteenwoordigers;

7.1.4 Een (1) Hoof Uitvoerende Beampte word aangewys deur die lede vermeld in paragrawe 7.1.1; 7.1.2 en 7.1.3;

7.1.5 Addisionele lede:

7.1.5.1 Vier (4) lede met spesifieke kundigheid word aangewys deur die lede vermeld in paragrawe 7.1.1 - 7.1.4.

7.2 Die streekverteenwoordigers vermeld in klousule 7.1.3 word aangewys deur die sewe (7) streke van die Organisasie se bedieningsgebied. Hulle word uit eie geledere verkies tydens streeksvergaderings wat gehou word tussen die voorsitters van die beheerrade in elkeen van die sewe (7) streke. Indien daar minder as sewe (7) streke is dan sal die streeksverteenwoordigers verkies word deur die voorsitters van die beheerrade van die oorblywende aktiewe streke. Die verkiesing van streeksverteenwoordigers mag volgens algemene erkende praktyk per korrespondensie of in sy geheel kragtens elektroniese kommunikasie geskied.

7.3 Die termyn van die onderskeie lede se lidmaatskap is soos volg:

7.3.1 Lidmaatskap en die dienstermyn van lede wat deur die SKDB (of die wettige opvolger) en die SKDD (of die wettige opvolger) aangewys word ("kerklike verteenwoordigers"), asook die lidmaatskap en die dienstermyn van streekverteenwoordigers, strek oor 'n termyn van drie (3) jaar;

7.3.2 Die dienstermyn van die Hoof Uitvoerende Beampte is onbeperk, tot aftree-ouderdom, en sy/haar lidmaatskap val saam met sy/haar dienstermyn;

7.3.3 Lidmaatskap en die dienstermyn van die addisionele lede (sien 7.1.5), strek oor 'n termyn van drie (3) jaar.

7.4 'n Lid se dienstermyn verval wanneer 'n nuwe lid aangewys word op die wyse hierin voorsien, om sy/haar plek in te neem, behalwe in die omstandighede vermeld in paragraaf 7.8.

7.5 Vakatures in die lidmaatskap van kerklike verteenwoordigers word deur die SKDB (of die wettige opvolger) en die SKDD (of die wettige opvolger) onderskeidelik gevul. Vakatures in die lidmaatskap van streekverteenwoordigers word deur die streekvergaderings gevul. Vakatures in die lidmaatskap van die Hoof Uitvoerende Beampte word deur die Ledevergadering gevul. Vakatures in die lidmaatskap van die lede met spesifieke kundigheid word deur die Bestuursraad gevul.

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

7.6 Die Organisasie bestaan as regspersoon voort ondanks veranderinge in die samestelling van sy lede.

7.7 Die lede van die Organisasie het geen regte in die eiendom of ander bates van die Organisasie nie.

7.8 Lidmaatskap verval outomaties wanneer:

7.8.1 die lid van drie agtereenvolgende vergaderings sonder kennisgewing wegbly;

7.8.2 die lid handelingsonbevoeg raak;

7.8.3 die lid se boedel gesekwestreer of oorgegee word tot voordeel van sy/haar skuldeisers;

7.8.4 die lid skuldig bevind word, hetsy in die RSA of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing of enige dergelike misdaad, met of sonder die keuse van 'n boete;

7.8.5 die lid deur 'n bevoegde hof uit 'n vertrouensamp ontslaan word op grond van wangedrag;

7.8.6 die lid op enige aanklag skuldig bevind en veroordeel word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

7.8.7 die lid 'n lid van die SKDB (of die wettige opvolger) of SKDD (of die wettige opvolger) is, en sy/haar lidmaatskap van die betrokke kommissie om welke rede ook al, verval.

7.9 Ongeag enige andersluidende bepalings vervat in die konstitusie, kan die termyn van die lidmaatskap van lede, soos beskryf in Artikel 7.3, in uitsonderlike gevalle verleng word deur 'n besluit van die meerderheid van die lede van die Organisasie. 'n Besluit so geneem dien as 'n outomatiese verlenging van die termyn beskryf in Artikel 7.3 en geld vir sodanige tydperk soos deur die meerderheid van die lede van die organisasie besluit.

ARTIKEL 8 - VERSLAG EN VERANTWOORDING

8.1 Die Organisasie doen jaarliks verslag van sy werksaamhede en finansiële posisie (insluitende dié van die programme ingestel ingevolge sy doelstellings) deur middel van 'n jaarverslag en geouditeerde finansiële state aan die SKDB (of die wettige opvolger) die SKDD (of die wettige opvolger) en die relevante staatsdepartemente soos nodig.

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

ARTIKEL 9 - VERGADERINGS

9.1 By die eerste volle Ledevergadering van 'n nuwe termyn kies die lede, insluitende die addisionele lede en die Hoof Uitvoerende Beampte, uit eie

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

geledere 'n voorsitter en ondervoorsitter. Die Hoof Uitvoerende Beampte sal ampshalwe optree as sekretaris.

9.2 Die lede van die Organisasie vergader minstens een keer per jaar op 'n datum deur die Bestuursraad bepaal.

9.3 Die vergaderings van lede word in komitee gehou.

9.4 Besluite kan geneem word deur konsensus of deur stemming. Wanneer die stemming oor een of ander saak gelykop is, moet die saak as onbeslis beskou word, maar kan dit by 'n later geleentheid weer voor die vergadering gebring word.

9.5 Die vergaderings van die lede verloop in ooreenstemming met algemeen-erkende vergaderingsprosedure.

9.6 Kworum
Meer as die helfte van die lede vorm 'n kworum mits die kerklike verteenwoordigers die meerderheid is. In die Bestuursraadvergaderings vorm méér as die helfte van die verkose lede die kworum.

9.7 Sakelys

9.7.1 Skriftelike kennisgewing van 'n Ledevergadering moet al die lede ten minste vyf (5) werksdae voor die vergadering bereik.

9.7.2 Op 'n Ledevergadering word slegs daardie sake behandel wat op die sakelys voorkom, tensy die vergadering met 'n meerderheid van stemme verlof gee dat ook ander sake te berde gebring mag word.

9.8 Buitengewone vergadering

9.8.1 'n Buitengewone vergadering van die lede word belê deur die Bestuursraad indien hulle dit nodig ag, óf deur die sekretaris wanneer vyf (5) lede daarom aansoek doen met skriftelike melding van die saak vir behandeling, of deur 'n kworum van lede indien 'n dringende, spoedeisende saak dit noodsaak.

9.8.2 Op 'n buitengewone vergadering word slegs daardie sake behandel waarvoor die vergadering byeengeroep is.

9.9 Jaarvergadering

9.9.1 'n Jaarvergadering moet jaarliks binne ses (6) maande na 31 Maart gehou word.

9.9.2 'n Jaarverslag, sowel as geouditeerde state moet aan die jaarvergadering voorgelê word, en binne ses maande vanaf die einde van die Organisasie se finansiële jaar aan die Direkteur: Organisasies sonder Winsoogmerk, soos omskryf in Wet Nr. 71 van 1997: die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, asook die Kommissaris: Suid Afrikaanse Inkomstediens, voorsien word.

9.9.3 Die jaarvergadering stel die ouditeure aan en bepaal die breë beleidsdoelstellings van die Organisasie.

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

ARTIKEL 10 – BESTUUR VAN DIE ORGANISASIE

10.1 Die bestuur van die Organisasie word behartig deur sy lede wat vir die doel:

10.1.1 aan die begin van 'n dienstermyn 'n Bestuursraad aanwys wat bestaan uit:

- Die voorsitter,
- Die ondervoorsitter en
- Vier (4) ander lede, welke persone nie verbonde persone met betrekking tot mekaar mag wees nie, en welke persone die fidusière verantwoordelikheid van die Organisasie aanvaar.
- Die PSD van SKDB (of sy wettige opvolger)
- Die PSD van SKDD (of sy wettige opvolger)
- Die Hoof Uitvoerende Beampte wat sal optree as sekretaris.
- Die addisionele lede (sien 7.1.5).

10.1.2 'n Kantoor bedryf en die nodige personeel aanstel wat bestuur sal word ooreenkomstig die goedgekeurde menslike hulpbronne-beleid van die Organisasie.

10.2 Hoof Uitvoerende Beampte
Die Organisasie het 'n Hoof Uitvoerende Beampte aangewys deur die Ledevergadering, wat die Organisasie se uitvoerende handelinge in opdrag van die Ledevergadering en Bestuursraad verrig, welke bevoegdheid sal insluit:

10.2.1 ondertekening van kontrakte namens die Organisasie.

10.3 Die Organisasie sal die bestuur van die verskillende programme, of inrigtings en instansies daarkragtens delegeer aan beheerrade waarvan die samestelling en bevoegdhede vervat moet wees in Huishoudelike Reëls van die beheerrade, soos goedgekeur deur die Organisasie.

10.3.1 Hierdie gedelegeerde bevoegdheid sal insluit die ondertekening van kontrakte wat nodig mag wees vir die bedryf van die program ooreenkomstig die doelstellings in Art. 3 en 4.

10.4 Die Organisasie bepaal die beleid en prosedures vir die programme, ooreenkomstig die doelstellings vervat in hierdie konstitusie.

10.5 Die Organisasie mag verdere organisasies stig. Sulke organisasies sal bepaalde handelingsbevoegdheid hê en aan die Stigtingsorganisasie verslag doen.

ARTIKEL 11 – BEVOEGDHEID VAN DIE ORGANISASIE

11.1 Die Organisasie se bevoegdhede is beperk tot handelinge wat in verband staan met die uitvoering van die Organisasie se doelstellings soos vervat in hierdie konstitusie.

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

11.2 Die Organisasie het die bevoegdheid om:

11.2.1 fondse in te samel, donasies en subsidies te ontvang en sodanige fondse aan te wend ooreenkomstig die Organisasie se doelstellings;

11.2.2 alle finansiële bates wat die Organisasie toeval en bekom, te belê of daarmee te handel en depositorekeninge te open en te bedryf, slegs by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel (1) van die *'Financial Services Board Act, 1990'* en in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs ingevolge *'The Securities Services Act, No 36 of 2004* omskryf en genoteer is.

11.2.3 sy eie finansiële beleid en prosedures vas te stel;

11.2.4 jaarliks op die voorgeskrewe tye die nodige verslae aan die onderskeie staatsdepartemente te doen;

11.2.5 in sy eie naam kontrakte te sluit wat bindend op slegs die Organisasie sal wees indien dit onderteken is deur die Organisasie se Hoof Uitvoerende Beampte, behoorlik daartoe gemagtig, behalwe waar sodanige bevoegdhede aan beheerrade gedelegeer is;

11.2.6 jaarliks teen nie later nie as 30 Junie, geouditeerde finansiële verslae van die programme te ontvang; en

11.2.7 te besluit oor organisasies wat aansoek doen om affiliasie en die affiliasievoorwaardes vas te stel.

ARTIKEL 12 - FONDSE

12.1 Die aanwending van fondse ontvang vanaf, óf deur bemiddeling van kerke, moet deur die Organisasie aangewend word ooreenkomstig die aanwysings van die kerke.

12.2 Wanneer die dienste van 'n fondsinsamelaar gebruik gemaak word om bydraes in te samel, die onkoste (vergoeding en/of kommissie ingesluit) nie meer as 40% van die totale omset van die betrokke insameling mag beloop nie.

12.3 Boekhouding van die Organisasie se fondse sal geskied ingevolge algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en sal jaarliks geoudit word. Elke program sal ook 'n eie rekenkundige stelsel hê waarin die finansiële transaksies van daardie program aangeteken word. Die rekenkundige rekords van elke program sal jaarliks geoudit word en die finansiële state sal aan die Bestuursraad voorgelê word vir goedkeuring.

12.4 Die Organisasie sal die vereiste Inkomstebelastingopgawes ooreenkomstig die bepalings van die Inkomstebelasting Wet 58 van 1962, tesame met aanvullende dokumentasie, op die voorgeskrewe tye indien.

12.5 Alle finansiële transaksies sal deur middel van 'n bankrekening by 'n geregistreerde finansiële instelling aangegaan word.

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

12.6 Die Organisasie word verbied om enige van sy fondse aan enige persoon uit te keer, behalwe in die loop van die beoefening van enige weldaadsaktiwiteit, ooreenkomstig die Organisasie se doelstellings.

12.7 Werknemers, kontrakteurs, amptenare of lede sal nie oormatige (dit wil sê nie-markverwante) vergoeding betaal word vir dienste gelewer nie.

12.8 Die Organisasie mag sy fondse alleenlik vir die oogmerk waarvoor dit ingestel is aanwend, of die bedoelde fondse belê

12.8.1 by Finansiële Instellings, soos omskryf in Artikel 1 van *die 'Financial Services Board, Act, 1990.'*

12.8.2 in aandele genoteer op 'n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 10 van *'The Securities Services Act, No. 36 of 2004.'*

12.8.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, met dien verstande dat die bepalings van hierdie subparagraaf nie die Organisasie verhoed om enige belegging (behalwe 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit of bate wat aangewend word in sodanige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) te behou in die vorm waarin dit by wyse van skenking, bemaking of erflating verkry is nie.

12.9 Die Organisasie word verbied om enige besigheidsonderneming of handels-aktiwiteit te bedryf, behalwe in die mate wat -

12.9.1 die bruto inkomste uit alle bedoelde besigheidsondernemings of handelsaktiwiteite verkry, in totaal nie die grootste van

12.9.1.1 5 persent (5%) van die bruto ontvangste van die Organisasie, of

12.9.1.2 R100 000, te bowe gaan nie;

12.9.2 die onderneming of aktiwiteit -

12.9.2.1 integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die Organisasie, en

12.9.2.2 beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie.

12.9.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die enigste oogmerk van Organisasie nie, van 'n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

Certified a true copy of the original document
Heiet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

12.9.4 die onderneming of aktiwiteit deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

12.10 Die Organisasie word verbied om 'n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen, met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan, te aanvaar, met dien verstande dat 'n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

12.11 Die Organisasie is verplig om 'n afskrif van enige wysiging aan hierdie konstitusie aan die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens te verstrek.

12.12 Die Organisasie se finansiële jaar begin op 1 April van elke jaar en eindig op 31 Maart van elke jaar.

12.13 Die Bestuursraad wys van tyd tot tyd persone aan wat namens die Organisasie tjeks mag onderteken. Een van daardie persone sal die Hoof Uitvoerende Beampte wees.

12.14 Die Organisasie onderneem om ten minste 75% van fondse wat gedurende 'n spesifieke finansiële jaar ontvang word vir die verrigting van programme wat kwalifiseer, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 18A en Deel II van die Negende Bylae tot die Inkomstebelasting Wet 58 van 1962, gedurende die loop van die daaropvolgende finansiële jaar uit te keer deur dit aan te wend vir die verrigting van sodanige aktiwiteite.

ARTIKEL 13 - WYSIGING VAN KONSTITUSIE

Die konstitusie van die Organisasie word slegs gewysig:

13.1 nadat 'n aanbeveling daaromtrent deur 'n meerderheid van die lede van die Organisasie aan Diaconia [voorheen genoem die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD), van die SKDB en die SKDD, en daarna genoem Armoede en Sorg] of die wettige opvolger, gemaak is; en

13.2 sodanige aanbeveling daarna deur Diaconia [voorheen genoem die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD), van die SKDB en die SKDD, en daarna genoem Armoede en Sorg] of die wettige opgvolger, goedgekeur word.

13.3 'n Afskrif van alle wysigings wat van tyd tot tyd aan die organisie se konstitusie aangebring word, sal so gou as moontlik by die Kommissaris: Suid Afrikaanse Inkomstediens ingehandig word.

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

ARTIKEL 14 - ONTBINDING

14.1 ~~Die~~ Organisasie kan slegs ontbind word, indien:

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

14.1.1 die bestaansdoel van die Organisasie verval;

14.1.2 die Organisasie tot ontbinding besluit, en sodanige besluit daarna deur Diaconia [voorheen genoem die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD), van die SKDB en die SKDD] of die wettige opvolger, goedgekeur word; of

14.1.3 wanneer Diaconia [voorheen genoem die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD), van die SKDB en die SKDD] of die wettige opvolger, besluit dat die Organisasie moet ontbind.

14.2 Alle fondse en ander bates van die Organisasie sal by ontbinding aan Diaconia [voorheen genoem die Gekombineerde Kommissie vir Diakonaat (GKD), van die SKDB en die SKDD] of die wettige opvolger, oorgedra word vir aanwending vir dieselfde doel of vir 'n doelstellings soortgelyk aan die doelstellings van die Organisasie, met dien verstande dat sodanige fondse en ander bates aangewend mag word slegs ten gunste van 'n instansie of instansies wat ingevolge die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, Wet Nr. 71 van 1997, gemagtig is om bydraes in die Republiek van Suid-Afrika in te samel.

GETEKEN TE Bellville OP HIERDIE 18de DAG VAN Mei 20 21

DS C VAN RENSBURG
VOORSITTER: LEDEVERGADERING

ME C QUICKFALL
HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

BYLAE 1 TOT DIE KONSTITUSIE

WELSYNSAKTIWITEITE UITGEVOER DEUR BADISA PROGRAMME INGEVOLGE ARTIKEL 4.1

1. Die versorging van verwaarloosde kinders en kinders in nood in Kinderhuise.

2. Die versorging van kleuters van behoeftige ouers in kleuterskole en dagsorgsentrums.

3. Die versorging van bejaardes ouer as 60 jaar in tehuise vir bejaardes en selfsorgeenhede.

4. Die versorging van volwasse persone met gestremdhede in residensiële fasiliteite en die voorsiening van opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede in die fasiliteite.

5. Die rehabilitasie van persone wat aan drank en dwelms verslaaf is, deur middel van tuissorg, berading en nasorg.

6. Die voorkoming van alkohol- en dwelmafhanklikheid deur beradingsprogramme in skole en die gemeenskap.

7. Die versorging van vroue in krisis swangerskap deur tuissorg, berading en nasorg.

8. Die verskaffing van 'n aannemingsdiens wat die keuse, berading en ondersteuning insluit, sowel as 'n diens in terme van ondersoek na geboorte oorsprong.

9. Die lewering van maatskaplikewerkdienste aan gesinne in 'n krisis, wat berading en ondersteuning insluit om gesinsstabiliteit te herstel.

10. Gemeenskapsontwikkelingsprogramme in arm gemeenskappe om armoede te verlig deur programme wat gerig is op kapasiteitsbou, vaardigheidsontwikkeling, bemagtiging en selfhelp.

11. Die bevordering van noodnetwerke in die gemeenskap in tye van rampe en om armoede te verlig.

12. Die verskaffing van bewusmaking, berading en versorging van persone met MIV/VIGS en hul gesinne.

13. As 'n borgliggaam, om fondse in te samel en beskikbaar te stel vir skole vir verstandelik gestremde kinders, sowel as kinders met ander gestremdhede.

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

BYLAE 2 TOT DIE KONSTITUSIE

LYS VAN BADISA PROGRAMME

Naam van Program	Adres
Aan Oewer Dienssentrum	Posbus 172 (Smitlaan), Velddrif, 7365
ABBA Stellenbosch	Posbus 2384(Banhoekweg), Dennesig, 7601
Albertinia Versorgingsdienste en Albertinia Tehuis	Posbus 197 (Skoolstraat 2), Albertinia, 6695
Alta Du Toit Nasorg	Posbus 5002(Lincolnweg 80), Karl Bremer, 7531
Alta du Toit Ontwikkeling vir Alta du Toitskool	Posbus 170 (Piet Fransmanstr), Kuilsrivier, 7580
BADISA Beaufort-Wes	Posbus 233(Brandstraat), Beaufort-Wes, 6970
BADISA Bellville-Suid	Posbus 412 (Nick Kearnlaan), Kasselsvlei, 7533
BADISA Breedevallei	Posbus 558 (Brandstraat 29), Worcester, 6849
Badisa Breedevallei DRC Weltevrede ASC	P/a BADISA Breedevallei, Posbus 558 (Brandstraat 29, Worcester, 6849
BADISA Caledon	Posbus 597(Sterlingstraat), Caledon, 7230
BADISA Citrusdal	Posbus 230(Kerkstraat 87), Citrusdal, 7340
BADISA Clanwilliam	Posbus 174 (Industriëleweg 3), Clanwilliam, 8135
BADISA Colesberg	Posbus 197(Oliviasingel 5), Colesberg, 9795
BADISA George	Posbus 76(Victoriastraat 60), George, 6530
BADISA Gesinsorgdienste Knysna	Posbus 400 (Grahamstraat 20), Knysna, 6570
BADISA Koue Bokkeveld	Posbus 251 (Kerkstraat 1), Koue Bokkeveld, 6836
BADISA Kuilsrivier	Posbus 899, (Mitchellstraat 4), Kuilsrivier, 7579
Badisa Matzi-Care	Posbus 18 (Voortrekkerstraat), Van Rhynsdorp, 8170
Badisa Ouer Persone Beaufort-Wes	Posbus 1215, Beaufort-Wes (Berdstraat 95) Beaufort-Wes, 6970
BADISA Paarl	Hoofstraat 367, JFC Building, Paarl, 7646
BADISA Piketberg	Posbus 161 (Loopstraat 411) Piketberg, 7320
BADISA Porterville	Posbus 238 (Jakarandastraat), Porterville, 6810
BADISA Prins Albert	Posbus 153 (Adderleystraat 125), Prins Albert, 6930

Certified a true copy of the original document.
Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)
Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

Naam van Program	Adres
Badisa Rawsonville Primary ASC	P/a BADISA Breedevallei, Posbus 558 (Brandstraat 29) Worcester, 4849
BADISA Riviersonderend	Posbus 123 (Pricestraat), Riviersonderend, 7250
BADISA Saron (Saron Gemeenskapsdiens)	Posbus 6 (Hoofstraat), Saron, 6812
Badisa Skiereiland Maatskaplike Dienste	Sesdestraat 91, Elsiesrivier, 7490
BADISA Stilbaai	Posbus 23 (Pastoriestraat 15), Stilbaai, 6674
BADISA Strand	Posbus 810 (Libertystraat 126), Strand, 7139
BADISA Swellendam	Posbus 282 (Vollenhovenstraat 1), Swellendam, 6740
BADISA Trio: Bellville	Posbus 901, (H.v. Boston & 2de Laan), Bellville, 7535
BADISA Trio: Kraaifontein	Posbus 85 (Horakstraat), Kraaifontein, 7569
BADISA Trio: Scottsdene	Rheeboklaan 11, Scottsdene, 7570
BADISA Tulbagh	Posbus 13 (Steindalpad), Tulbagh, 6820
BADISA Tygerberg	Posbus 65(Pictonstraat 27), Parow, 7499
BADISA Villiersdorp	Posbus 53 (Mullerstraat), Villiersdorp, 6848
BADISA Wellington	Posbus 954 (Pentzstraat 78), Wellington, 7654
BADISA Weskus	Posbus 95 (Houtstraat 28), Vredenburg, 7380
BADISA Wolseley	Posbus 19 (White Collarstraat 4), Wolseley, 6830
BADISA Wynberg	Posbus 18096 (Salisburyweg 4), Wynberg, 7824
Belindia Dagsorgsentrum	Posbus 348 (Bantomstraat), Beaufort-Wes, 6970
Bellville Senior Sentrum	Posbus 474 (Jessiestraat 25), Bellville, 7535
Bulletrap Dienssentrum vir Bejaardes	Hoofstraat PK, PK Bulletrap, 8260
Carney's Dagsorgsentrum	Postnet Suite 29 (Kraanvoëlstraat 6), Admin X3, Malmesbury, 7299
Cederclan Dienssentrum	Posbus 174 (Buitekantstraat), Clanwilliam, 8135 (Wes-Kaap)
Ceres Dienssentrum	Posbus 194 (Lyellstraat 36), Ceres, 6835
Die Herberg Kinderhuis	Posbus 205 (Van Zylstraat 2), Robertson, 6705
Dienssentrum Koue Bokkeveld	Posbus 251 (Kerkstraat 1), Koue Bokkeveld, 6836

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

Naam van Program	Adres
DROOM (Huis Jan Lange & Ou Meule) & DROOM Dienssentrum	Posbus 270 (h/v Barry en Wardenstr), Riversdal, 6670
Durbanville Kinderhuis	Kerkstraat 1, Durbanville, 7550
Eljada Instituut	Posbus 21 (Bo-Victoriastraat), Oudtshoorn, 6620
Emmanuel Tehuis	Posbus 27 (Middelstr), Williston, 8920
Fynbos Dienssentrum	Posbus 11 (1ste Laan), Kleinmond, 7195
Goue Aar Tehuis	Posbus 1103 (Jakarandastr), Malmesbury, 7299
Hanna Hopkins	Trilweg 49, Observatory, 7925
Hartenbos Bejaardesorgdiens: Dienssentrum & Hartenbos Versorgingsoord	Posbus 953 (Graaff-Reinetlaan), Hartenbos, 6520
Herberg-aan-See Tehuis	Posbus 63 (Kerkstr 8), Gansbaai, 7220
Herfsvreugde Tehuis	Posbus 115 (Van Zylstraat 29), Bonnievale, 6730
Hermanus Senior Sentrum	Posbus 38 (Kerkstraat), Hermanus, 7200
HM Beets Dagsorgsentrum	Posbus 684 (Lyellstraat), Ceres, 6835
Huis AA Tomlinson	Van Oudtshoornswg 16, Swellendam, 6740
Huis Andrew Murray	Posbus 129 (Blouvleiweg), Wellington, 7655
Huis Andries Hamman	Baringstraat 10, Worcester, 6850
Huis Aristea	Queenstr 5, Durbanville, 7550
Huis Boesmanland	Voortrekkerstr, Loeriesfontein, 8185
Huis De Kuilen	Skoolstraat, Kuilsrivier, 7580
Huis Esperanza	Donaldsonstr 11, Strand, 7140
Huis Groeneweide	Posbus 53 (Fonteinstr), Darling, 7345
Huis Izak van Tonder	Posbus 150 (Koninginstr), Ladismith, 6655
Huis JJ Watson	H/v Cradock- & Fichatstraat, George, 6530
Huis Johannes	Posbus 247 (H/v Skool & Heuwelstr), Beaufort-Wes, 6970
Huis Klippe Drift	Privaatsak X7(Sarel Cillierstr 23), Napier, 7270
Huis Lafras Moolman	Posbus 150, (Brandstr), Rawsonville, 6845
Huis Lettie Theron	Privaatsak X03 (De Goedestr), Hermanus, 7200

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Raarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

Naam van Program	Adres
Huis Lückhoff	Almaweg 42, Rosebank, 7700
Huis Martina	Frederickstraat, Prowvallei, 7500
Huis Matzikama	Paddockstraat 25, Vanrhynsdorp, 8170
Huis Mimosa	Mimosastr, De Doorns, 6875
Huis Mostertshoek	Eeufeesstraat 37, Wolseley, 6830
Huis Nuweland	Posbus 23043 (Sylviaweg), Claremont, 7735
Huis Pam Brink	Myburghstraat 16, Strand, 7140
Huis PJ du Plessis Strauss	Posbus 194 (Lyellstraat 36), Ceres, 6835
Huis Ravenzicht	9de Laan 161, Kraaifontein, 7570
Huis Uitsig	ME Rothmanstr, Parow-Noord, 7500
Huis Uitvlucht	Piet Retiefstraat, Montagu, 6720
Huis van Heerde	Posbus 31 (Tuinstraat 28), Moorreesburg, 7310
Huis Wittekruin	Uranusstraat, Vredenburg, 7380
Huis Zenobia Du Toit	Posbus 280 (Fouriestr 31), Heidelberg, 6665
Huis Zonnekus	Posbus 326(Ashtonstr), Milnerton, 7435
Innovation for the Blind (voorheen Instituut Vir Blindes)	Posbus 933 (Kerkstraat 132), Worcester, 6849
Jan Kriel Instituut	Posbus 650, Kuilsrivier, 7579 (Skoolstraat 11, Kuilsrivier, 7580)
Joey's Babies Dagsorg en Nasorgsentrum	Posbus 13028 (Kanariestraat 17), George-Oos, 6529
Johenco Tehuis	Posbus 125 (Pleinstr), Sutherland, 6920
Kids Haven p/a BADISA Colesberg	Posbus 197 (Oliviasingel 5), Colesberg, 9795
Klikbekkies Kleutersentrum	Posbus 108, Eendekuil
Kuilsrivier Dienssentrum	p.a. Huis de Kuilen, Skoolstraat, Kuilsrivier, 7580
Loeriehof Tehuis vir Bejaardes	Posbus 400 (Grahamstr), Knysna, 6570
Lowryville Dienssentrum	Posbus 197, Oliviasingel 5, Colesburg, 9795
Maatskaplike Dienste Gansbaai	Posbus 1, Gansbaai, 7220
Maatskaplike Dienste Hermanus	Posbus 128 (Kerkstraat), Hermanus, 7200

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

Naam van Program	Adres
Maatskaplike Dienste Stanford	Posbus 128 (Kerkstraat), Hermanus, 7200
Macassar Dienssentrum	p/a VGK Macassar, Posbus 90 (Soekmekaarstraat 20), Macassar,
Magdalenahuis	Posbus 16 (17de Laan 42), Bellville, 7530
Malikhanya Dagsorgsentrum p/a BADISA Wolseley	Posbus 19 (Whitestraat 4), Wolseley, 6830
Ons Huis Tehuis	Posbus 188 (Parkstraat 76), Citrusdal, 7340
Onse Rust Tehuis	Posbus 170 (Rossouwstr), Fraserburg, 6960
Ouma Lena se Huis	Posbus 23 (Pastoriestraat 15), Stilbaai, 6674
Overberg Tehuis	De La Vignestr 40, Riviersonderend, 7250
Parow Senior Sentrum (Hernus Kriel)	Posbus 114 (Bedfordstraat 62), Parow, 7499
Percy Bilton Dienssentrum	Posbus 6 (Hoofstraat), Saron, 6812
Plumstead-Rusoord	Birminghamweg, Plumstead, 7800
Ramot	Tonerstraat 54, Parow-Oos, 7500
Riviersonderend Nasorgsentrum	Posbus 123 (Pricestraat), Riviersonderend, 7250
Riviersonderend Sorgsentrum: Dagsorg vir volwasse gestremde persone)	Posbus 123 (Pricestraat) Riviersonderend, 7250
Rogelim Monte Rosa	Faurestraat 5, Tuine, 8001
Ruyterwacht Senior Sentrum	Bredastraat 8, Ruyterwacht, 7460
Sandvoetjies	Posbus 810 (Libertystraat 126), Strand, 1739
Saron Dagsorgsentrum	Posbus 6 (Hoofstraat), Saron, 6812
Seesterretjies	Posbus 23, Stilbaai, 6674
Sisonke Dienssentrum	Uxololwethu 3, N'duli, Ceres, 6835
Sonskyn Dienssentrum	Posbus 123 (Pricestraat), Riviersonderend, 7250
Sonskyn-cum-Dagsorgsentrum	Posbus 597 (Eerstelaan 8), Caledon, 7230
Sonskynvallei Dagsorgsentrum	Posbus 953 (Graaf-Reinetlaan), Hartenbos, 6520
Steinkopf Versorgingsdienste (Huis EJ Apples)	Posbus 1004 (Rooidraai), Steinkopf, 8244
Steinkopf Versorgingsdienste (Immanuel Sentrum Vir Gestremdes)	Posbus 1064 (Kramerstraat), Steinkopf, 8244
Steinthal Kinderhuis	Posbus 17, Landgoed, Tulbagh, 6820

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022

(Soos gewysig op 10 Maart 2021)

Naam van Program	Adres
Stilbaai Bejaardesorg	Posbus 486 (Perlemoenstr), Stilbaai, 6674
Tafelronde Herberg	Posbus 597 (Koalisiestraat 35), Caledon, 7230
Tikkel Tokkel Dagsorgsentrum	Posbus 194 (Proteastraat 1), Porterville, 6810
Toevlug Rehabilitasiesentrum	Posbus 515 (Noblestraat 40), Worcester, 6850
Trappies Dagsorgsentrum	Posbus 251 (Kerkstraat 1), Koue Bokkeveld, 6836
Uit-en-Tuis Dagsorgsentrum	Voortrekkerstr 234, Vasco, 7460
Vredendal Dienssentrum en Vredendal Tehuis	Voortrekkerstr 39, Vredendal, 8160
Vrederus Tehuis en Vrederus Anneks (intellektuele gestremdes)	Mullerstraat 22, Villiersdorp, 6848
Vygieshof Tehuis	Posbus 76 (Andries Pretoriusstr), Calitzdorp, 6660
Weltevrede Akkomodasie	Posbus 6844 (Bo-Lincolnstraat 80 Welgemoed Hoheizen) 7538
Wiggel en Waggel Dagsorgsentrum	Posbus 123 (Pricestraat), Riviersonderend, 7250
Wolseley Dienssentrum	Posbus 19 (Solomonstraat 1), Wolseley, 6830

Certified a true copy of the original document.

Helet S Malherbe CA(SA)
43 Paarlberg Crescent, Durbanville, 7550
Commissioner of Oaths (RSA)

Date: 22/11/2022